Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

# Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Finansies
20 Januarie 2011

5/1/4
5/1/1/1-10/11
5/1/1/2-10/11
WYK: Alle

**ITEM 5.6 VAN DIE AGENDA VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 31 JANUARIE 2011**

**ONDERWERP: AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2010/2011 FINANSIËLE JAAR**
***SUBJECT: ADJUSTMENT CAPITAL AND OPERATING BUDGET FOR THE 2010/2011 FINANCIAL YEAR***

## 1. AGTERGROND/BEREDENERING

Tydens die goedkeuring van die Meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting van 2010/2011 tot 2013 is dit onder die Raad se aandag gebring dat die 2010/2011 Bedryfsbegroting afgesluit het met 'n bedryfstekort van R18 064 776 wat by implikasie beteken dat die Raad se inkomstebronne nie voldoende is om sy bedryfsuitgawes te finansier nie. (sien bygaande aanhangsel waarin die tekort aangedui word)

Die Raad het in beginsel goedkeuring verleen dat die 2010/2011 begroting geïmplementeer kan word, onderhewig daaraan dat die Direkteur: Finansiële Dienste 'n finansiële herstelplan ter tafel lê wat riglyne sal neerlê hoe die Raad oor die volgende 5 jaar finansieël volhoubaarheid vir die Munisipaliteit kan verseker. Die Raad het die dienste van MUBESKO ingekontrakteer om die Raad by te staan met die nuwe begrotingsformate wat deur Nasionale Tesourie vereis word, maar terselfdertyd ook versoek om riglyne te voorsien hoe so 'n finansiële stabiliserings/volhoubaarheidsplan daaruit moet sien. Hierdie plan sal saam met die 30 dae begroting in Mei 2011 aan die Raad voorgelê word. Die rede vir die indiening van sodanige plan saam met die 30 dae begroting, is dat die begroting eers die pad van publieke deelname moet volg en indien nodig enige voorstelle of wysigings wat uit die publieke deelnameproses voortpruit, in die plan opgeneem kan word.

Die eerste stap in hierdie rigting is om 'n aansuiweringsbegroting ter tafel te lê om sekere afskalings in die bedryfsbegroting van ongeveer R5 miljoen te oorweeg. Dit is egter nie moontlik om elke uitgawe item wat 'n verandering te weeg gebring het aan die Raad voor te lê nie, aangesien daar ook ander veranderinge in terme van GRAP soos bv. waardevermindering op ontbondelde bates (R73 602 871), BTW op kapitaal skenkings (R4 860 457) is wat die inkomste rekening toeval, sowel as deernissubsidie (R19 867 000) wat as 'n onvoorwaardelike skenking in die inkomste rekening te boek gestel word. Al die voormelde items word egter in terme van artikel 28 van die MFMA, Wet 56 van 2003 aangesuiwer.

## 2. BESPREKING

Die wysigings ten opsigte van items in die kapitaalbegroting vir 2010/2011 word in skadu aangedui in die aanhangsel. Kapitaalprojekte wat reeds afgehandel is en waarvan die finale uitgawe bekend is, is ook reeds aangesuiwer. Verimente tussen begrotingsposte word in terme van die GOP ook aan die Raad voorgelê vir goedkeuring. Items wat geraak word deur veriment, onvoltooide projekte vir 2009/2010, asook nuwe projekte vir 2010/2011 wat toegeskryf kan word aan noodsaaklikheid, is ook in die dokument vervat.

'n Baie belangrike wysiging in die 2010/2011 kapitaalbegroting is dat die Raad die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee moet kondoneer om nie meer vir die 2010/2011 finansiële jaar 'n eksterne lening ten bedrae van R105 miljoen op te neem nie.

Dit is belangrik dat die Raad dit baie duidelik stel dat die oorweging om 'n eksterne lening op te neem nie daarop berus dat die Raad in finansiële moeilikheid verkeer nie, maar wel vir die uitsluitlike doel om kapitaalprojekte wat verband hou met die opgradering van rioolwerke in die Swartland te finansier. Die opneem van 'n eksterne lening sal met die voorlegging van die meerjarige kapitaal en bedryfsbegroting gedurende Februarie 2011 oorweeg word, en sal eers gedurende die 2011/2012 finansiële jaar opgeneem word.

'n Ander belangrike aspek wat die bedryfsbegroting vir 2010/2011 raak, is dat die Raad TASK ten volle geïmplementeer het, in elk geval wat die finansiële been daarvan betref.

Wat betref die toepassing van waardevermindering op die **herberekening van die waarde van bates wat nie op die bateregister verskyn het nie, asook bates wat wel op die bateregister verskyn het maar 'n NUL waarde getoon het, asook die *ontbondeling daarvan,*** sal nog lank oor gedebateer word. Met verwysing na laasgenoemde, behels dit in kort dat infrastuktuur se lewensduur oor verskillende termyne kan depresieer, bv 'n rioolwerke bestaan uit beton wat oor bv 50 jaar in waarde verminder, maar die membrane se lewensduur is bv. slegs 8 tot 10 jaar, terwyl die elektiese infrastuur dalk 'n lewensduur van 15 jaar het. Die toepassing daarvan word nie betwis nie, en glo ek dat die Raad in beginsel geen probleem het om voorsiening vir die vervanging van infrastruktuur te maak nie. Die onmiddellike finansiële implikasie daarvan egter op die tariewe van die gemeenskap is onbekostigbaar, naamlik R73 602 871 teenoor R21 026 737 en het tot gevolg dat die bedryfsbegroting vir die volgende paar jaar met 'n tekort sal afsluit. Die Raad sal hierdie aangeleentheid moet opneem op Nasionale en Provinsiale Tesourie vlak en ook moet vasstel hoe ander plaaslike owerhede die aangeleentheid hanteer.

Die 2010/2011 aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is op 25 Januarie 2011 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir oorweging en word –

4. **AANBEVEEL**

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in die aangehegte skedule van kapitaalitems ten opsigte van die aansuiweringskapitaalbegroting vir 2010/2011, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2010/2011 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2010/2011 finansiële jaar nie, maar dat enige tekorte deur die onaangewende oorskotrekening gefinansier sal word in soverre daar kontant beskikbaar is in sodanige fonds.

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2009/2010 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2010. Wysigings ten opsigte van voormelde en opdaterings van nuwe versoeke asook verimente is vervat in bygaande skedules en sal deur die Direkteur: Finansiële Dienste aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toegelig word indien daar enige onduidelikheid in hierdie verband is;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n besluit neem om nie 'n eksterne lening vir die 2010/2011 finansiële jaar op te neem nie en dat die Raad die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kondoneer op 'n spesiale raadsvergadering op 31 Januarie 2011;

*(f)* Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die toepassing van waardevermindering op ontbondelde bates ten bedrae van R73 602 871 en van die bedryfstekort van R49 730 813 wat dit op die bedryfsbegroting meebring. Die toepassing van waardevermindering op ontbondelde bates is reeds deur die Raad aan die einde van 30 Junie 2010 toegepas en het meegebring dat die Raad se inkomsterekening met 'n bedryfstekort van R34 160 119 afgesluit het. Verder dat die toepassing van voormelde opgeneem word met Nasionale en Provinsiale Tesourie en die finansiële implikasie aan hulle verduidelik word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die goedgekeurde kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2010/2011 as volg te wysig:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaal: | R | 86 603 200 | na | R | 90 225 769 |
| Bedryfs uitgawe: | R | 322 500 045 | na | R | 373 067 703 |
| Bedryfs inkomste: | R | 303 621 809 | na | R | 316 461 043 |
| Surplus i.t.v GRAP: | R | 28 506 764 | na | -R | 2 528 657 |
| Netto kontant tekort van | -R | 11 954 751 | na | -R | 49 730 813 |
| Totale Inkomste Begroting | R | 351 006 810 | na | R | 370 539 046 |
| Bedryfstekort | -R | 18 064 776 | na | -R | 55 840 840 |

***RECOMMENDATION***

*(a) That approval be granted for the veriment of funds from one capital project to another as indicated in the attached schedule in respect of capital items in the 2010/2011 capital adjustments budget, as well as unspent capital and new suggested projects for 2010/2011 due to the urgency thereof;*

*(b) That the Director: Financial Services adhere to the statutory requirements of the MFMA and inform National and Provincial Treasury accordingly;*

*(c) That it be noted that the changes in the budget will have no financial implications in terms of an increase in tariffs in respect of the 2010/2011 financial year;*

(d) *That approval be granted for the transfer of unspent funds from government grants in respect of the 2009/2010 financial year as indicated in Council's financial statements as on 30 June 2010;*

*(e) That the Executive Mayoral Committee resolved not to take up an external loan for the 2010/2011 financial year and that the Council condone the Executive Mayoral Committee's decision at the next Special Council meeting to be held on 31st January 2011;*

(f) *That the Executive Mayoral Committee take note of the financial implications of depreciation on the unbundling of assets and the deficit it courses on the operating budget. Further that council should take up this matter with National and Provincial Treasury and also contact other local authorities in this regard;*

*(g) That approval be granted to amend the capital and operating budget for 2009/2010 as follows:*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Capital: | R | 86 603 200 | to | R | 90 225 769 |
| Operating expenditure: | R | 322 500 045 | to | R | 373 067 703 |
| Operating income: | R | 303 621 809 | to | R | 316 461 043 |
| Surplus i.t.o GRAP: | R | 28 506 764 | to | -R | 2 528 657 |
| Net cash deficit of | - R | 11 954 751 | to | -R | 49 730 813 |
| Total revenue | R | 351 006 810 | to | R | 370 539 046 |
| Operating deficit | -R | 18 064 776 | to | -R | 55 840 840 |

**BESLUIT**

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in die skedule tot die sakelys van kapitaalitems ten opsigte van die aansuiweringskapitaalbegroting vir 2010/2011, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2010/2011 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2010/2011 finansiële jaar nie, maar dat enige tekorte deur die onaangewende oorskotrekening gefinansier sal word in soverre daar kontant beskikbaar is in sodanige fonds;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2009/2010 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2010. Wysigings ten opsigte van voormelde en opdaterings van nuwe versoeke, asook verimente is vervat in skedules tot die sakelys en sal deur die Direkteur: Finansiële Dienste toegelig word indien daar enige onduidelikheid in hierdie verband is;

(e) Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om nie 'n eksterne lening vir die 2010/2011 finansiële jaar op te neem nie deur die Raad gekondoneer word;

(f) Dat die Raad kennis neem van die toepassing van waardevermindering op ontbondelde bates ten bedrae van R73 602 871 en van die bedryfstekort van R49 730 813 wat dit op die bedryfsbegroting meebring. Die toepassing van waardevermindering op ontbondelde bates is reeds deur die Raad aan die einde van 30 Junie 2010 toegepas en het meegebring dat die Raad se inkomste-rekening met 'n bedryfstekort van R34 160 119 afgesluit het. Verder, dat die toepassing van voormelde opgeneem word met Nasionale en Provinsiale Tesourie en die finansiële implikasie aan hulle verduidelik word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die goedgekeurde kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2010/2011 as volg te wysig:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kapitaal | R 86 603 200 | na | R 90 225 769 |
| Bedryfsuitgawe | R322 500 045 | na | R373 067 703 |
| Bedryfsinkomste | R303 621 809 | na | R316 461 043 |
| Surplus i.t.v GRAP | R 28 506 764 | na | -R 2 528 657 |
| Netto kontant tekort van | -R 11 954 751 | na | -R 49 730 813 |
| Totale Inkomste Begroting | R351 006 810 | na | R 370 539 046 |
| Bedryfstekort | -R 18 064 776 | na | -R 55 840 840 |

**AFSKRIFTE:**

1. DF – koördineer alle aksies voortspruitend uit die besluit
2. Marieke/Ezra – aandag